N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 20 September 2020

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Eksodus 16: 1-15

Tema: Vertrou op die Here!

1. Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte getrek het.

2. In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset 3. en gesê: "As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom."

4. Toe het die Here vir Moses gesê: "Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie.

5. As hulle op die sesde dag voorberei wat hulle ingebring het, moet dit dubbel soveel wees as wat hulle elke dag optel."

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

6. Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: "Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het, 7. en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie."

8. Verder het Moses gesê: "As die Here vanaand vir julle vleis gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het."

9. Moses het toe vir Aäron gesê: "Beveel die hele gemeente van Israel om voor die Here te kom staan, want Hy het hulle verset opgemerk."

10. Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.

11. Die Here sê toe vir Moses:

12. "Ek het die verset van die Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is."

13. Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom en hulle het die hele kamp vol gesit. Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp, 14. en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokkies soos ryp.

15. Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: "Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet.

- **<u>Gemeentelike kommunikasie en eredienste</u>**

  Die kerkraad vergader op 22 September 2020 om te besluit wanneer eredienste by Welgeluk hervat sal word, na die regering jongste besluite rakende die ramptoestand, die beweeg na vlak een en aangepaste inperkings . Die datum en tyd van hervatting van eredienste in die kerkgebou sal daarna aan u gekommunikeer word. Byvoorbaat baie dankie vir u geduld en ondersteuning met die proses.

  Eredienste is steeds op ons digitale media op die verskillende platforms beskikbaar.

  Die virtuele erediens van 20 September 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

  Youtube
  https://youtu.be/o5coDLZvNh0

  Facebook live
  https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/341945240259857/

  en net vir die klankbaan op "Soundcloud"
  https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-virtuele-erediens-20-sept-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:

Anton Olivier	22 September
Jan Mare	23 September
Esther Coetzee	24 September
Lillian De Clercq	25 September
Betty Potgieter	26 September
Johann Strauss	26 September
Hester Seale	27 September

Voorbidding

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
- Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
- Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
- Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
- Alwyn Marais van Buitekantstraat 7;
- Carolien Du Toit van Jakarandalaan 10;
- Anél Hugo van Bothastraat 25;
- Hannes Stegmann van Riempie Village 16

Ons dink aan volgende persone wat geliefdes aan die dood afgestaan het:

- Stephan Rossouw sy pa
- Yvonne le Roux haar ma
- Tannie Baba Botha haar man, oom Martin Botha ons vorige koster.

Ons bid ook vir die volgende sake:-

- Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek en elders geval het;
- Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe,(die inperkings daar het die gemeentes swaar getref. Die gemeentes kon geen eredienste hou nie en toegang tot tegnologie is baie beperk.
- Die gemeentes is Bosnië wat ook moeilike omstandigede beleef.

- in die besonder die korona-virus pandemie.
    - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - o Vir al die gesondheidspersoneel; en
    - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

<u>Gemeentelike finansies:</u>

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

Daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingooi.

Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.